**8 Februarie**

## As God beveel – doen dit

**Skrifgedeelte: Jeremia 1:1-19**
**Fokusgedeelte: Jeremia 1:4-8**

Die Here beveel Jeremia om sy Woord aan die nasies te bring. Tog het Jeremia ’n verskoning. Hy sê dat hy te jonk is. In 1 Timoteus 4:12 sê Paulus egter aan die jong Timoteus dat niemand sy jonkheid moet verag nie, maar dat hy ’n voorbeeld vir die gelowiges moet wees.

Net soos Jeremia het ons ook baie verskonings om nie God se bevele uit te voer nie. Moses (Eks 3-4) het ook verskonings gehad toe God hom gestuur het. God se toorn het egter teenoor hom ontvlam. Ons moet dus geen verskonings hê as God ons stuur nie.

God laat nie vir Jeremia toe om met ’n verskoning weg te kom nie. Hy sê vir Jeremia: “Wat Ek jou ook al beveel, *moet* jy doen.” As God ons iets beveel, *moet* ons dit doen.

Hoe weet ons dan wat God se bevele vir ons is? In die dae van die Ou Testament het die Israeliete God se bevele uit die mond van die profete gehoor, maar vandag praat Hy met ons deur sy Seun, Jesus Christus, wat die vleesgeworde Woord is. Ons leer dus God se bevele uit sy Woord ken.

Jeremia hoef egter nie bang te wees nie, aangesien God daar is om hom uit te red. Net so hoef ons ook nie bang te wees wanneer ons God se werk doen nie. Hy gee aan ons die Heilige Gees. Hy leer ons wat om te sê in moeilike tye (Matt 10:19).

God stuur ons ook net soos vir Jeremia. Doen dan wat Hy jou beveel, al is jy jonk – en onthou – Hy is daar om jou uit te red!

*Sing: Ps 119:4 (1936)*

*Teologiese Student Pieter le Roux*